Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## HANDELSREG N5

## 28 NOVEMBER 2018

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


**ALGEMENE OPMERKINGS**

1. Die antwoorde in hierdie nasienriglyn moet slegs as 'n riglyn gebruik word en moet nie as die enigste korrekte antwoord/e beskou word nie.
Punte moet nog steeds vir 'n kandidaat se antwoord toegeken word, mits die antwoord 'n soortgelyke/idee bevat. Begripsverskille kan voorkom en tydens 'n nasienbespreking moet die eksaminator geraadpleeg word waar daar onsekerheid voorkom .

2. Antwoorde moet te alle tye in volsinne beantwoord word waar dit uitdruklik vereis word deur en in die vraestel gevra word.
Indien antwoorde nie volledig beskryf, gedefinieer of ontleed word nie, kan volpunte nie vir die kandidaat se antwoord/antwoorde toegeken word nie. Vir spesifieke besonderhede moet elke vraag noukeurig ondersoek word.

   **LET WEL:** GEEN halfpunte word toegeken nie.

3. As 'n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae beantwoord het, moet **SLEGS DIE EERSTE VIER VRAE, WAT DIE VERPLIGTE VRAAG INSLUIT,** nagesien word. In gevalle waar meer as VIER vrae in totaal beantwoord is, moet die vyfde (laaste vraag) geskrap word deur 'n rooi streep oor daardie gedeelte van die antwoordstel te trek.

   Die nasiener moet sy/haar besluit verskaf om nie die betrokke vraag na te sien nie deur die volgende verklaring aan die einde van daardie vraag te skryf. Teken dit en voeg die datum asseblief daaronder by.

   'DIE KANDIDAAT HET MEER AS DIE VEREISTE AANTAL VRAE BEANTWOORD (RAADPLEEG EKSAMENINSTRUKSIES 1 & 2)'

   Indien daar enige onsekerheid is, moet die eksaminator geraadpleeg word.

4. Daar mag onder geen omstandighede met ENIGE grensgevalle (ruwe telling van 76 to 79 uit 200) gepeuter word nie. MOENIE die punte eensydig aanpas nie. Skryf 'n aanvullende verklaring in u nasienersverslag en laat die aanpassing van punte aan die modereringsproses oor.
'n Praktiese of semesterpunt moet nog by hierdie ruwe puntetelling gevoeg word.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | F |
| | 1.1.2 | G |
| | 1.1.3 | K |
| | 1.1.4 | M |
| | 1.1.5 | E |
| | 1.1.6 | B |
| | 1.1.7 | A |
| | 1.1.8 | H |
| | 1.1.9 | J |
| | 1.1.10 | I |

(10 × 2) (20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | A |
| | 1.2.2 | B |
| | 1.2.3 | A |
| | 1.2.4 | A |
| | 1.2.5 | D |

(5 × 2) (10)

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | Uitkering ('Distribution') |
| | 1.3.2 | Filiaal |
| | 1.3.3 | CK7 |
| | 1.3.4 | Maatskappydirekteure en BK-lede |
| | 1.3.5 | Bestaande ledebelang |
| | 1.3.6 | En commandité |
| | 1.3.7 | Die koopprys is betaal |
| | 1.3.8 | Retensieregte |
| | 1.3.9 | Skuldeiser |
| | 1.3.10 | Sonder 'n mandaat |

(10 × 1) (10)

| | | |
|---|---|---|
| 1.4 | 1.4.1 | Onwaar |
| | 1.4.2 | Waar |
| | 1.4.3 | Onwaar |
| | 1.4.4 | Onwaar |
| | 1.4.5 | Onwaar |
| | 1.4.6 | Onwaar |
| | 1.4.7 | Onwaar |
| | 1.4.8 | Waar |
| | 1.4.9 | Waar |
| | 1.4.10 | Onwaar |

(10 × 1) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**AFDELING B**

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 BORGSTELLING (2)

2.1.2 BANK ABC = SKULDEISER
WOFGANG = BORG (4)

2.1.3 MEDEBORGE (2)

2.1.4 BENEFICIUM DIVISIONIS = VOORREG VAN VERDELING

HIER IS DAAR MEER AS EEN BORG, DIT WIL SÊ MEDEBORGE.

MEDEBORGE IS GESAMENTLIK EN AFSONDERLIK AANSPREEKLIK VIR DIESELFDE SKULD (PIERRE SE SKULD VAN R320 000).

WAR DIE SKULDEISER (BANK) BETALING VAN DIE MEDEBORGE EIS (AS DIE SKULDENAAR/PIERRE NIE KAN BETAAL NIE), KAN DIE MEDEBORGE EIS DAT DIE HOOFSKULD (R320 000) VERDEEL WORD.

DIE HOOFSKULD WORD DAN ONDER DIE BORGE (WOLFGANG EN SY VRIEND IN HIERDIE GEVAL) VERDEEL, MET UITSLUITING VAN INSOLVENTE BORGE OF BORGE WAT BUITE DIE JURISDIKSIE VAN DIE HOF VAL.

NADAT DIE SKULD VERDEEL IS, IS ELKE BORG AANSPREEKLIK VIR 'N PRO RATA-DEEL VAN DIE TOTALE AANSPREEKLIKHEID (R320 000) OF R160 000 ELK OF VIR WATTER BEDRAG VAN DIE TOTALE SKULD ELKE BORG OOK AL INGESTEM HET OM BORG TE STAAN. (7 × 2) (14)

2.2 IN DIE GEVAL VAN VERTEENWOORDIGING TREE EEN PERSOON NAMENS 'N ANDER PERSOON OP.

OM NAMENS IEMAND ANDERS OP TE TREE, MOET 'N REGS-HANDELING WETTIG WEES/
DIE HANDELING GEMAGTIG WEES.

DIE HANDELING IS BINDEND TUSSEN DIE PARTYE (WAARVAN EEN OF ALBEI NIE BY DIE OORSPRONKLIKE VERTEENWOORDIGING OF ONDERHANDELEING BETROKKE WAS NIE). (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.3 THABO EN PORTIA IS GETROUD MET 'N HUWELIKSVOORWAARDES-KONTRAK EN SY SKENKING VAN DIE HUIS AAN SY VROU, PORTIA, IS VERMOEDELIK GEDOEN VOOR THABO SE BOEDEL GESEKWESTREER IS.

OMDAT DIE HUIS GESKENK EN GEREGISTREER IS IN PORTIA SE NAAM VOORDAT THABO GESKEWESTREER IS

OMDAT TAHBO DIE HUIS AAN SY VROU INGEVOLGE 'N WETTIGE HUWELIKSVOORWAARDES-KONTRAK GESKENK HET (DAAR WAS NIKS ONGEWENS IN HIERDIE OPTREDE NIE), IS DIE HUIS BEKOM BY WYSE VAN 'N SKENKING VAN DIE INSOLVENTE GADE (THABO).

DIT SAL OOK MOEILIK WEES VIR DIE KURATOR OM TE EIS DAT DIE HUIS 'N BESKIKKING SONDER TEENWAARDE IS, AANGESIEN DIT 'N OPREGTE SKENKING (EN NIE 'N SKYNSKENING) WAS.

DIE SKENKING IS TE GOEDER TROU GEMAAK EN NIE OM BATES TE VERBERG OF WEG TE STEEK TOT NADEEL VAN THABO SE SKULDEISERS NIE.

DIT MAAK OOK DEEL UIT VAN DIE GEVOLGE TEN AANSIEN VAN DIE AFSONDERLIKE BOEDEL VAN DIE INSOLVENT SE GADE (PORTIA) AS PORTIA KAN BEWYS DAT DIE HUIS INDERDAAD NOU AAN HAAR BEHOORT (WETTIGE OORDRAG EN REGISTRASIE VAN DIE HUIS IN HAAR NAAM EN MAAK NOU DEEL UIT VAN HAAR BOEDEL). (Enige 5 × 2) (10)

2.4 2.4.1

- Aangesien vennote slegs in die NETTO WINS deel, impliseer dit dat hulle ook die NETTO VERLIESE sal deel.
- Vennote deel verliese totdat die onderneming/vennote wins maak of nie meer enige netto verliese toon nie.
- Vennoot Y is dus daaraan gebonde om in hierdie 'toevallige verlies' te deel, aangesien die onderneming (eiendomsagentskap) daardie jaar nie 'n netto wins getoon het nie. (Enige 1 × 2) (2)

2.4.2

- Vennote het 'n plig om te goeder trou teenoor mekaar op te tree.
- As sodanig is vennote verplig om enige inligting bekend te maak wat die vennootskaponderneming moontlik kan raak (bv dat sy 2 standplase en nie net 1 verkoop het nie).
- Venenote moet dus 'n botsing van persoonlike en vennootskap-belange voorkom.
- Vennoot X se geheime wins is strydig met die vennootskaps-belang, omdat die verkoop van die standplase binne die bestek van die vennootskapbesigheid val.
- Vennoot X kan dus verplig word om dit bekend te maak en rekenskap te gee van die hele transaksie (verkoop van 2 standplase, en nie net een nie) en verplig word om die wins uit die verkoop van die twee standplase met vennoot Y te deel.

(Enige 3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.4.3

- Oor die algemeen wanneer 'n vennootskap skade of verlies ly as gevolg van 'n vennoot se nalatigheid of opsetlike handeling, moet daardie vennoot die medevennote (vennootskap) vergoed vir die skade of verlies.
- As vennoot Y nalatig opgetree het en nie sy plig uitgevoer het om redelike sorg uit te oefen in die hantering van die vennootskap se sake nie, moet hy (Y) die vennootskap vergoed vir die skade (R40 000) wat deur sy optrede veroorsaak is.

(Enige 1 × 2) (2)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1

- Nomawabo se ooreenkoms met haar skuldeisers om hulle oor 'n sekere tydperk terug te bepaal, kom neer op 'n akkoord en het die volgende gevolge vir haar sakeverhouding met haar skuldeisers:
- Die ooreenkoms of akkoord bind sowel vir Nomawabo (die insolvent) as al haar konkurrente skuldeisers sonder uitsondering en afgesien daarvan of haar skuldeisers daarvoor of daarteen gestem het by hul vergadering waar dit bespreek is.
- In die geval van 'n akkoord val al die insolvent (nomawabo) se bates weer terug na haar (bly by haar). Geen bates sal gelikwideer word of op beslag gelê word nie.
- Die insolvent (Nomawabo) is geregtig op 'n sertifikaat van die Meester van die Hoë Hof waarin verklaar word dat sy 'n aanbod van akkoord gemaak het, dat dit aanvaar is en dat sy aansoek om rehabilitasie gedoen het, indien sy 'n aanbod gemaak het om haar skuldeisers minstens 50 sent vir elke verskuldigde rand te betaal.
- Akkoord bind egter nie die onafhanklike skuldeisers van die insolvent (Nomawabo) se gade nie. (Enige 4 × 2) (8)

3.2 3.2.1 **<u>AUTHORISED ACT</u>**

Die lid sou opgetree het met die belange van die BK in gedagte en die BK sal dus aanspreeklike gehou word vir enige sodanige handelinge wat deur sy gemagtigde lede aangegaan is.

3.2.2 **<u>UNAUTHORISED ACT</u>**

Handelinge aangegaan deur BK-lede wat nie in die stigtings-verklaring gemagtig is nie, het tot gevolg dat die lede persoonlik aanspreeklik is.

3.2.3 **<u>ACTS NOT STATED IN THE FOUNDING STATEMENT</u>**

Handelinge wat nie genoem word nie, maar nog steeds binne die bestek van die onderneming val, sal die BK bind, terwyl enige ander handelinge wat nie genoem word nie, agterna berkragtig kan word.

(3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.3 3.3.1 **SPECIFIC RIGHTS THAT EACH ARE AFFORDED THE HOLDER THEREOF**.

**Skuldbriewe** is 'lenings' aan die maatskappy en skuldbriefhouers is dus skuldeisers van so 'n maatskappy.
**Aandele** maak deel uit van die aandelekapitaal van 'n maatskappy en aandeelhouers is lede van daardie maatskappy.

3.3.2 **LIABILITY OF HOLDING A DEBENTURE AGAINST LIABILITY OF OWNING SHARES**

**Skuldbriefhouers** het geen aanspreeklikheid teenoor 'n maatskappy waarin hulle skuldbriewe het nie.
**Aandeelhouers** het beperkte aanspreeklikheid teenoor die maatskappy waarin hulle aandele besit tot die waarde van die bedrag van hulle aandele, dws hulle verloor hulle aandele indien die maatskapapy waarin hulle aandele gekoop het insolvent raak/bankrot speel.

3.3.3 **RECEIPT OF INTEREST OR DIVIDEND AS PAY-OUT FOR EACH**

**Skuldbriewe** het nie die goedkeuring van maatskappylede of aandeelhouers nodig vir die betaling van rente nie.
**Aandele** het nie die aanbeveling/goedkeuring van die direksie en goedkeuring by die algemene jaarvergaderign (AJV) van aandeelhouers nodig vir die betaling van dividende aan aandeelhouers nie.

3.3.4 **RETURN OF CAPITAL TO THE INVESTOR**

**Skuldbriewe** is aflosbaar hetsy teen 'n vaste koers of ter keuse van die maatskappy tydens die leeftyd van die maatskappy.
**Aandele** is nieterugbetaalbaar tydens die leeftyd van daardie maatskappy nie, behalwe waar daardie aandele aflosbare voorkeuraandele is.

3.3.5 **EXTENT TO WHICH EACH IS SECURED BY A CHARGE ON COMPANY ASSETS OR NOT**

**Skuldbriewe** is veilig (gesekureer) en as sodanig het hul waarde nie enige uitwerking op die bates van die maatskappy waarin hulle gehou word nie.
**Aandele** is nie gesekureer op die bates van die maatskappy waarin aandele besit word nie, aangesien bates verkry word deur kapitaal wat verkry word deur die verkoop van aandele.

(2 × 5) (10)

3.4 3.4.1 Lederegister
3.4.2 Prospektus
3.4.3 Akte van Oprigting
3.4.4 Sertifikaat van Inkorporasie
3.4.5 Skuldbriefsertifikaat

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.5 3.5.1 Indien 'n vennootskapkontrak/-ooreenkoms nie noem hoe die wins verdeel moet word nie, is die reël dat wins PRO RATA (in verhouding tot die vennoot se bydrae) verdeel moet word.✓✓
Elke vennoot se aandeel in die R20 000 sal as volg wees:
A kry 20% van R20 000 = (R4 000);✓ B kry 10% (R2 (R2 000);✓
C kry 50% van R20 000 = (R10 000)✓ en D kry 20% = (R4 000)✓
(3 × 2) (6)

3.5.2 In gevalle waar bydraes nie bepaal kan word nie, word die wins GELYKOP verdeel.
Elke vennoot (A, B, C en D) sal R5 000 (¼ of R20 000) ontvang.
(2 × 2) (4)

3.6 3.6.1 Leerstuk van die ONVERMELDE PRINSIPAAL (2)

3.6.2 Alhoewel Tony nie 'n instruksie aan die agent (Peter) gegee het om hom (Tony) te verteenwordig en 'n huis namens hom te koop nie, kan Tony na vore kom, homself openbaar of homself bekend maak aan die verkoper (indien nodig) en die huis eis waaroor die agent (Peter) namens Tony onderhandel en gekoop het.

Hierdie leerstuk laat Tony toe om die prinsipaal te wees in die handeling van verteenwoordiging asof hy (Tony) van die begin af 'n direkte opdrag aan Peter gegee het om te onderhandel oor die aankoop van die huis vir hom en om dit namens hom te koop. (4)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Maatskappye wat gestig is ingevolge 'n spesifieke reg/wet, kan slegs in ooreenstemming met daardie reg of wet optree en vir die uitsluitlike doel waarvoor die maatskappy gestig/tot stand gebring is.

Hierdie siening is ook van toepassing op maatskappye wat ingevolge die gemenereg gestig is, met die gevolg dat sulke maatskappye nie enige regshandeling mag verrig wat buite hulle bestek of bevoegdheid val nie.

'n Algemene vergadering kan nie eers sulke handelinge bekragtig nie.

Die hoofdoel van 'n maatskappy verklaar ook sy bevoegdheidsgebied. Daar word outomaties onbeperkte bestek ('scope') aan 'n maatskappy verleen wanneer dit handel oor aanvullende doelwitte en die bevoegdheid om hul hoofdoel te bereik.
Sekere doelwitte of bevoegdhede kan egter uitdruklik akte van oprigting uitgesluit word in die . (Enige 2 × 2)

4.2
- Openbare maatskappye
- Privaat maatskappye
- Maatskappye of ondernemings in staatsbesit (Enige 2 x 2) (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.3 Die MPA ('PLC') (maatskappy met privaat aanspreeklikheid) word as 'n privaat maatskappy geklassifiseer, word hoofsaaklik deur professionele persone, soos rekenmeesters, dokters, prokureurs, ensovoorts, gebruik wat 'n besigheidsentiteit wil bedryf wat afsonderlike regspersoonlikheid het om sake met die publiek toe doen.
Die Akte van Oprigting moet verklaar dat dit 'n MPA is.
Die Akte van Oprigting moet verklaar dat die direkteure van die MPA afsonderlik en gesamentlik aanspreeklik is vir daar die maatskappy tydens hul amsptermyn as direkteur/e.
Die Akte van Oprigting beperk die verkoop van aandele aan die publiek (aandele is nie vryelik oordraagbaar nie).
'n Maatskappy met privaate aanspreeklikheid (MPA) moet die woord 'INGELYF' of die verkorte vorm daarvan, 'Ing', na die laaste woord van sy naam bevat.
So 'n maatskappy moet minstens 1 direkteur op sy direksie hê, maar die Akte van Oprigting kan 'n groter aantal direkteure spesifiseer.
'n Maatskappy met privaat aanspreeklikheid hoef nie 'n onafhanklike ouditeur of 'n maatskappysekretaris of 'n ouditkomitee aan te stel nie, TENSY die Akte van Oprigting anders verklaar of indien die Maatskappywet vereis dat sy finansiële state geoudit moet word. (Enige 5 × 2) (10)

3.4 In gevalle waar sekere handelinge (saketransaksies of nie) uitdruklik of stilwyend deur die BK gemagtig is en sodanige handelinge later bekragtig word.

Handelinge om sake te doen moet in sy stigtingsverklaring genoem word en onderneem word deur 'n lid of lede, TENSY 'n lid wat opgetree het sonder magtiging om namens die BK op te tree, kennis gedra het of redelikerwys kennis moes gedra het dat die lid geen sodanige magtiging gehad het nie.

In gevalle waar die samewerkingsooreenkoms 'n BK-lid se verteenwoordigingsbevoegdheid beperk en 'n kontrak gesluit is (strydig met die beperking), sal so 'n kontrak NIE bindend wees NIE, BEHALWE waar die ander party kennis gedra het of kennis moes gedra het van hierdie beperking, is die BK daaraan gebonde. (6)

4.5 4.5.1 'n Gelisensieerde agent, wat deur 'n prinsipaal/verkoper gemagtig is en wat roerende/onroerende goed namens hom/haar op 'n openbare veiling op kommissiegrondslag verkoop (2 × 2)

4.5.2 'n Agent wat onderneem om goedere vir sy prinsipaal te verkoop

Waarborg dat die derde party met wie hy/sy 'n kontrak aangaan, sy/haar verpligtinge sal nakom. (2 × 2)
(2 × 4) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.6 4.6.1 MAAK DEEL UIT VAN DIE INSOLVENTE BOEDEL

4.6.2 MAAK NIE DEEL UIT VAN DIE INSOLVENTE BOEDEL NIE

4.6.3 MAAK NIE DEEL UIT VAN DIE INSOLVENTE BOEDEL NIE

4.6.4 VOOR SEKWESTRASIE, SAL NA SEKWESTRASIE DEEL UITMAAK VAN DIE INSOLVENTE BOEDEL, SAL NIE DEEL UITMAAK VAN DIE INSOLVENTE BOEDEL NIE

4.6.5 MAAK NIE DEEL UIT VAN DIE INSOLVENTE BOEDEL NIE

4.6.6 MAAK NIE DEEL UIT VAN DIE INSOLVENTE BOEDEL NIE
(6 × 2) (12)

4.7 DIE VENNOOTSKAP WORD OUTOMATIES BEËINDIG.

AS 'N VENNOOTSKAP SE BOEDEL INSOLVENT IS, SAL DIE HOF AL DIE VENNOTE SE BOEDELS TERSELFDERTYD SEKWESTREER.

DIE BOEDELS VAN 'N KOMMANDITÊRE VENNOOT OF SPESIALE VENNOOT WORD VAN SEKWESTRASIE UITGESLUIT IN DIE GEVAL VAN DIE INSOLVENSIE VAN 'N VENNOOTSKAP AS HULLE AANSPREEKLIKHEID BEPERK WORD TOT SLEGS DIE BEDRAG VAN HUL BYDRAES.

WAAR EEN VENNOOT ONDERNEEM OM DIE SKULD VAN DIE VENNOOTSKAP TE BETAAL EN/OF SEKURITEITE TE DIEN EFFEKTE GEE, SAL SY/HAAR BOEDEL NIE GESEKWESTREER WORD NIE.

IN DIE GEVAL VAN INSOLVENSIE WORD DIE VENNOOTSKAPSBOEDEL EN DIE BOEDELS VAN INDIVIDUELE VENNOTE AFSONDERLIK GEADMINISTREER. (Enige 3 × 2) (6)
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 VOLLE NAAM VAN KORPORASIE
DIE HOOFBESIGHEID WAT GEDOEN SAL WORD
POSADRES
VOLLE NAAM/ID-NOMMER/GEBOORTEDATUM VAN LEDE
LEDEBELANGE UITGEDRUK IN PERSENTASIES
BESONDERHEDE VAN BYDRAES (INDIEN ENIGE)
NAAM/POSADRES VAN REKENINGKUNDIGE BEAMPTE
DATUM VAN EINDE VAN FINANSIËLE JAAR (Enige 4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.2 Om sy/haar mandaat stiptelik uit te voer

Moet dit met die uiterste goeie trou verrig
- Geen geheime wins nie
- Geen botsing van belange nie
- Geen delegering van gesag nie
- Geen bekendmaking van inligting nie
- Moet sy/haar mandaat met sorg, vaardigheid en toewyding uitvoer
- Moet die prinsipaal se instruksies gehoorsaam
- Het 'n plig om volledig aan die prinsipaal verantwoording te doen

(Enige 3 × 2) (6)

5.3 5.3.1 Om die skuldenaar se bates van hom/haar weg te neem (2)

5.3.2
- Die insolvente skuldenaar
- Alle lede van 'n vennootskap
- Insolvente skuldenaar se verteenwoordiger met uitdruklike beveogdheid om dit te doen
- 'n Curator bonis (indien een aangestel is)
- Die eksekuteur van die boedel van die insolvente skuldenaar wat gesterf het

(Enige 2 × 2) (4)

5.4 5.4.1 INSOLVENSIE VAN DIE WERKGEWER BETEKEN DAT DIE DIENSKONTRAK BEËINDIG WORD.
DIE DIENSVERSKAFFER/WERKNEMER HET EGTER 'N EIS VIR SKADE-VERGOEDING TEEN DIE INSOLVENTE BOEDEL VIR DIENSTE WAT GELEWER IS.
WERKNEMERS MAG 'N EIS INSTEL VIR VERLORE VOORDELE (salaris, mediese fonds, pensioen, bonus, vakansiebetaling, ens)

Enige soortgelyke antwoord is aanvaarbaar (Enige 2 × 2) (4)

5.4.2 DIT HANG DAARVAN AF OF LEWERING REEDS PLAASGEVIND HET AL DAN NIE.
VERKOPER VERKOOP GOEDERE AAN KOPER EN NA LEWERING VAN DIE GOEDERE WORD KOPER INSOLVENT. IN HIERDIE GEVAL HET DIE VERKOPER NET 'N KONKURRENTE EIS AS GEWONE SKULDEISER TEEN DIE KOPER SE INSOLVENTE BOEDEL, WANT SODRA LEWERING PLAASVIND, GAAN EIENDOMSREG VAN DIE VERKOPER AAN DIE KOPER OOR.
ALGEMEEN: EIENDOMSREG VAN GOEDERE GAAN NORMAALWEG OOR AAN DIE KOPER SODRA DIE KOOPPYRS VIR DIE GOEDERE TEN VOLLE BETAAL IS.

Enige soortgelyke antwoord is aanvaarbaar (Enige 1 × 2)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.5 **ANONIEME VENNOOT**

**BYDRAES** – KAN BESTAAN UIT GELD EN/OF ANDERE GOEDERE, MAAR NIE ARBEID NIE

**AANSPREEKLIKHEID VIR SKULDE;** HIERDIE VENNOOT IS NIE AANSPREEKLIK VIR SKULD TEENOOR DERDE PARTYE NIE, BEHALWE WAAR HY/SY BEKEND GEWORD HET OF AAN DIE PUBLIEK BEKEND GESTEL WORD.

AANSPREEKLIKHEID IS NIE TOT ENIGE BEDRAG BEPERK NIE.

SLEGS AANSPREEKLIK TEENOOR MEDEVENNOTE, MAAR VIR DIE VOLLGE OMVANG VAN SY/HAAR AANDEEL EN MOET SY/HAAR PROPORSIONELE DEEL VAN VERLIESE DRA.

BY DIE BEËINDIGING VAN 'N VENNOOTSKAP IS DIE ANONIEME VENNOOT NIE AASNPREEKLIK VIR DIE VOLLE SKULD VAN DIE VENNOOTSKAP NIE, MAAR SLEGS VIR SY/HAAR PRO RATA-DEEL. (ENIGE 1 × 2)

**EN COMMANDITÉ-VENNOTE**

**BYDRAES –** MOET 'N SPESIFIEKE BEDRAG GELD WEES

**AANSPREEKLIKHEID VIR SKULD** – HIERDIE VENNOOT SE AANSPREEKLIKHEID MAG NOOIT SY/HAAR SPESIFIEKE BYDRAES OF 'N OOREENGEKOME BEDRAG OORSKRY NIE.

OM AANSPREEKLIKHEID TE VOORKOM, MOET HY/SY ONBEKEND AAN DERDE PERSONE BLY.

NIE AANSPREEKLIK TEENOOR DERDE PARTYE NIE, SLEGS TEENOOR VENNOTE WAT BEKEND IS

AS HY/SY AS 'N GEWONE VENNOOT OPTREE OF WANNEER HY/SY OPENLIK NAMENS DIE VENNOOTSKAP HANDEL DRYF AS GEWONE VENNOOT, IS HY/SY AANSPREEKLIK. (Enige 1 × 2) (4)

5.6
- KONTANTVLOEISTAAT
- DIRKETEURSVERSLAG
- OUDITEURSVERSLAG (3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.7 AS DIE MAATSKAPPY LID IS VAN DIE BEHEERMAATSKAPPY EN DIE BEHEERMAATSKAPPY BEHEER DIE SAMESTELLING VAN DIE FILIAALMAATSKAPPY SE DIREKSIE

WAAR DIE BEHEERMAATSKAPPY MEER AS 50% VAN DIE AANDELEKAPITAAL VAN DIE FILIAALMAATSKAPPY BESIT

WAAR DIE BEHEERMAATSKAPPY EN SY SUSTERMAATSKAPPYE ('AFFILIATES') MEER AS 50% VAN DIE AANDELEKAPITAAL VAN DIE FILIAALMAATSKAPPY BESIT

WAAR DIE FILIAALMAATSKAPPY MET 'N ANDER MAATSKAPPY GEAFFILIEER IS (DWS SUB-GEAFFILIEERD) (Enige 3 × 2) (6)

5.8 5.8.1 KOMMISSIE VIR MAATSKAPPYE and INTELLEKTUELE EIENDOM (KMIE) ('CIPC')

5.8.2 Maatskappye sonder winsoogmerk: GEEN VEREISTE NIE

5.8.3 Maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid: MINIMUM 1

5.8.4 ONDERNEMINGSREDDING/SAKEREDDING

5.8.5 ALLE AANDELE IS NIETIG (tensy die likwidateur dit magtig) OF alle aandele is WAARDELOOS

(5 × 2) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou